# OMSENDBRIEF 26

16 AUGUSTUS 2024

Goed • Beter • BoErIEs

## LIEF EN LEED:

Ons groet juffrou Marike Engelbrecht by die Graad R klassie. Mag jou nuwe lewensreis gevul wees met vrede en mag die Here jou vooruit gaan om die onbekende pad vir jou gelyk te maak. Jy het diep spore getrap in die hartjies van die kinders wat daagliks deur jou onderrig was. Dankie vir jou goeie werk.

Ons verwelkom Maandag, Me Sharisse Fouché, in haar plek.




Die Here het vir Mia Enslin, 'n pragtige Graad 3 dogter, verlede naweek kom haal.

Ons wil ons medelye uitspreek teenoor haar gesin en almal wat vir haar lief was (is).
Mia, jou maats en juffrou verlang alklaar na jou.
Ons weet jy is veilig by Jesus.

Baie sterkte aan die familie en vriende in hierdie moeilik tyd.

Namens die skool en Beheerliggaam wil ons vir elke Boerie-ouer en -maat baie dankie sê vir die fondse ingesamel vir Mia Enslin!

Die omstandighede is nie lekker nie, maar dit is ongelooflik om te ervaar hoe die Boeries saam staan en mekaar help, selfs wanneer die tyd van die maand nie juis toelaat om ekstra geld uit te gee nie. Elke donasie, groot en klein, word opreg waardeer.

Namens Mia se gesin sê ons ook baie dankie!

## BELANGRIKE DATUMS:

- 17 Augustus - KFC Mini-Krieket te Voorpos
- 19-23 Augustus - Graad 1 en 7 besoek deur Gesondheidsdienste
- 19-23 Augustus - Krieketwedstryde vs Prestige College
- 21 Augustus - Groepfoto's
- 26-30 Augustus - Krieketwedstryde vs Maragon
- 28 Augustus - Mental Maths Challenge
- 30 Augustus - Graad 7 Entrepreneursdag

## KONSERT:

Briewe reeds uitgestuur - R150 betaalbaar teen einde Augustus asb. Leerders is al hard aan die oefen en baie opgewonde.

Kaartjieverkope het Maandag,
5 Augustus geopen.
R70 per bespreekte sitplek.

EFT welkom - STUUR ASB. BEWYS BETALING EN KOMMUNIKEER VIR WATTER AAND: boeries.ontv@mweb.co.za of boeries.adm@mweb.co.za

Laerskool Boerefort www.boerefort.co.za Laerskool Boerefort
De Beerstraat 325, Wonderboom-Suid, 0084 0123352841
Algemeen: boeries@mweb.co.za
Gr 1-7 Finansies (Wendy): boeries.fin@mweb.co.za
Gr RR en R Rekeninge (Linda): boeries.rek@mweb.co.za
Admin (Charlene): boeries.adm@mweb.co.za
Admin (Sunet): boeries.ontv@mweb.co.za
Nasorgsentrum (Adri): boeries.naskool@gmail.com





## OUD-BOERIES:

Niché van Wyk is verkies tot Hoërskool Wonderboom se Meisies Eerste Krieketspan.

Baie geluk, Niché. Ons het jou van jongs af leer ken as 'n avontuurlustige dogtertjie wat elke geleentheid aangryp om iets nuut aan te pak.

Ons is bly om te sien hoe jy nie net deelnaam na hartelus, maar ook boonop so goed presteer! Sterkte vir die komende seisoen - geniet dit!





# OUERS OP DIE TERREIN:

Alhoewel Boerefort 'n "oopdeur klousule" het vir OUERS moet daar ook in ag geneem word dat onderrig en die veiligheid van ons leerders voorkeur geniet.

- Ouers wat die skool besoek, moet inteken by die sekureitswag in 4de Laan en daarna aanmeld by die ontvangs. GEEN BESOEKER WORD TOEGELAAT OM NET DEUR TE BEWEEG TUSSEN GEBOUE/KLASKAMERS NIE.
- Geen ouers word toegelaat om saam/vir hulle kind voor en na skool by hulle klas te wag nie.
- Afgee van items vir leerders: Dit is steurend om gereeld afkondigings te maak, daarom sal leerders voor pouses kantoor toe geroep word. Merk asb. items duidelik en gee af by die Sekuriteitswag in 4de Laan.
- Geen versoek om 'n kind te roep na die ontvangs om met 'n besoeker te praat word toegestaan nie. Dringende boodskappe kan gekommunikeer word aan die Adminstrasie dames wat die boodskap sal oordra aan die leerder/voogopvoeder. 'n Leerder kan in die ongemaklike posisie geplaas word deurdat hy/sy met iemand praat wat nie op die terrein hoort nie! Só versoek sal geweier word aangesien die Administratiewe dames aanspreeklikheid wil vermy vir die intensies van 'n persoon wat aandring om 'n kind te sien.
- Poog asb. sover moontlik om gebruik te maak van u kind se skooldagboek of e-pos kommunikasie om 'n boodskap by 'n betrokke opvoeder uit te kry.
- Prosedure vir die aanmelding van klagtes vergesel hierdie omsendbrief.
- Geen opvoeder sal tydens skooltyd kantoor toe geroep word vir 'n ouer nie. Maak asb. 'n afspraak.

Hierdie kennisgewing dien nie as 'n uittrap-boodskap nie, maar eerder as bewusmaking vir onnodige onderbrekings in die klasse en die belangrikste, veiligheid van die leerders. Vir u kind se beswil, moet die skool toegang tot die perseel strenger beperk. Hierdie intervensies gaan moontlik lei tot baie frustrasie vir ons besoekers om toegang tot die skool te bekom gedurende skoolure.

# KULTURELE DANS-VIERINGE:

Die volgende Graad 3 leerders het ons verteenwoordig by die Distrik se Lewensvaardigheid kompetisie vir Kulturele danse: Juandré Pretorius, Corne Steyn, Christian van Eeden, Adeley van Greuning, Julinke du Plessis en Delaney Ferreira

Hulle het ons skool se naam hoog gehou met hul oulike Volkspele-passies.

Video te sien op skool se Facebook (13 Junie 2024). Dankie ook aan Juffrou Anke Jv Rensburg wat hulle afgerig het.



# GRAAD 1 EN 7 GESONDHEIDSDIENSTE:


Vind plaas 19-23 Augustus. (Slegs leerders wie se ouers toestemming verleen het)

GRAAD 1:

1. "Screening" van oë, ore, gewig en lengte.
2. "Routine immunisation" tetanus Diphtheria Pertussis (Klem-in-die kaak soos by privaat-klinieke toegedien tussen 4 en 6 jaar) - Stuur asb. kliniekkaart saam! (D6 Connect herinnering/bevestiging uitgestuur 7 Augustus aan ouers wat aangedui het vroeër die jaar)

GRAAD 7: (Toestemmingbriewe vandag uitgedeel)
"Routine immunisation" tetanus Diphtheria Pertussis (Klem-in-die kaak soos by privaat-klinieke toegedien) - Stuur kliniekkaart saam!





# GRAAD 7 ENTREPRENEURSDAG:

Vind plaas op 30 Augustus. Graad 7 leerders sal 'n gedetaileerde brief ontvang met finale reëlings.
Graad RR tot 6 ouers, begroot asb. solank.





## SPOGNUUS:

Lenay Strydom het op 11 Junie 2024 deelgeneem aan die Royal Acadamy of Dance (RAD) Graad 1 Ballet-eksamen.

Sy het buitengewoon goed presteer en 'n onderskeiding ontvang.

"Great dancers are not great because of their technique, they are great because of their passion."
– Martha Graham.

Mag jou passie vir dans en harde werk jou na hoër hoogtes neem, maar bowenal, mag jy die talent waarmee die Here jou geseën het ten volle geniet!
Baie geluk, Lenay!

Elana Booysen het weer deelgeneem aan Centorion kunstefees verlede week Donderdag.

Sy het die volgende uitslae ontvang vir Stilstaande Prosa:
A++ en Afdelings en Kategorie Wenner

Hierdie is 'n uitsonderlike prestasie, Elana! baie geluk - ons is baie trots op jou!









Matthys Herbst was gekies vir AVS Noord - Transvaal span en het deelgeneem aan die wintersport Bokkie week.

Matthys is 'n Rugbyspeler van formaat en hy sê die hoogtepunt van die Bokkieweek was die gees onder die spelers (en moet natuurlik nie vergeet van die lekkerk die kos).

Baie geluk, Matthys!
Jy is 'n goeie ambassadeur vir Boerefort en ons hoop dat hierdie goeie herinneringe nog lank jou sal bybly!

## LOSLITDAG:

6 September 2024.
Plakkers te koop teen R20 ten bate van Alma Skool by Me Sandrinette Pretorius

## HULP GEVRA:

Ons is dringend opsoek na 'n ouer wat by Builders Warehouse Gezina werk.
Asb. kontak Mnr Fourie / Mnr White: 012 335 2841



## VERJAARSDAE:

LEERDERS:

| | |
|---|---|
| Anja Broodryk | 16 Augustus |
| Celia Raubenheimer | 16 Augustus |
| Sandile Ngobeni | 16 Augustus |
| Annika Steenkamp | 16 Augustus |
| Eden Petersen | 16 Augustus |
| Oratiloe Mogale | 17 Augustus |
| Leah Cilliers | 17 Augustus |
| Kelly-Ann Duvenhage | 18 Augustus |
| Rickus de Waal | 18 Augustus |
| Amoré Richter | 18 Augustus |
| Karlia Broodryk | 19 Augustus |
| Reghardt Weldhagen | 19 Augustus |
| Miané Perlotto | 21 Augustus |

PERSONEEL:

| | |
|---|---|
| Me Charlize du Rand | 19 Augustus |

## HOKKIE/MINI-HOKKIE:

OEFENING:

o/7-o/9:

Dinsdae 13:50 tot 15:00

o/10 tot o/13:

Dinsdae en Donderdae 13:50-15:15

BEPALINGS:

17 Augustus (weg) Eduplex - slegs Mini-hokkie

22 Augustus (weg) Ls Bergsig - slegs Mini-hokkie

Organiseerder: Me Magdenique Booysen



## KRIEKET:

OEFENING: Maandae tot Donderdae

o/9 tot o/13B vanaf 13:45 tot 15:15

o/13A vanaf 15:00 tot 17:00



BEPALINGS:

12-16 Augustus een Ls Mayville

19-23 Augustus teen Prestige College

26-30 Augustus teen Maragon

2-6 September teen CBC

9-13 September teen Hammanskraal

1-18 Oktober Semi-finale en Finale

UITSLAE WEDSTRYDE GESPEEL HIERDIE WEEK: (teen Ls Mayville)

1ste span wen met 5 paaltjies

2de span wen met 44 lopies

o/9's wen met 56 lopies

## KFC-MINI KRIEKET DATUMS:

WEDSTRYDE:

17 Augustus - Laerskool Voorpos

24 Augustus - Laerskool Rayton

31 Augustus - Laerskool Vissershoek

7 September - Zone Festival te Laerskool Hermanstad

14 September - Laerskool Boerefort (tentatief)

Vir meer inligting, kontak (ouer) organiseerder, Me Latoya Bester, 071 054 4211.

## KUNSTEFEES:

Uitslae sal eenmalig geplaas word in omsendbrief (solosang en beeldende kuns ingesluit). Ouers moet asb. laatweet indien leerder se foto NIE in omsendbrief geplaas mag word NIE.

# TENNIS:

OEFENING:
Dinsdae tot Donderdae:
14:00-15:00 vir o/9 tot o/11 asook
14:00-15:00 vir o/12-o/14 (oop-spanne).

WESTRYDE: (Maandae) *Tuis-wedstryde te Hs Wonderboom
Onthou ekstra water en iets te ete.
PT-drag met tekkies en wit kouse

**19 Augustus:**

| | |
|---|---|
| o/11D | (tuis) Ls Voorpos |
| o/11S | (tuis) Ls Danie Malan |
| Oop D | (weg) Ls Villieria |
| Oop S | (weg) Ls Voorpos |

**26 Augustus:**

| | |
|---|---|
| o/11D | (tuis) Ls Stephanus Roos |
| o/11S | (tuis) Ls Voorpos |
| Oop D | (weg) Ls Totiusdal |
| Oop S | (tuis) Ls Die Poort |

**2 September:**

| | |
|---|---|
| o/11D | (weg) Lr Pretoria Oos |
| o/11S | - |
| Oop D | (weg) Ls Voorpos |
| Oop S | (tuis) Ls Magalieskruin |

**9 September:**

| | |
|---|---|
| Oop S | (weg) Curro Roodeplaat |

# ADVERTENSIE GELEENTHEID:

Hierdie is slegs 'n advertensie geleentheid vir die maatskappy/ individue om produk/diens te bemark in ons omsendbrief.
Laerskool Boerefort onderskryf geen waarborg of aanspreeklikheid vir enigeen wat op enige advertensies reageer nie.


**BESTE REGSDIENSTE!**

**Wagener Muller Vermaak Prokureurs**
deedscv@law.co.za / 012 342 3525 / 083 395 4810 or
0832569220

***Ons is ervare Akteprokureurs en ons spesialiseer in die volgende:***

1. Wysiging van Huwelikstatus;
2. Opstel van Koopkontrak vir Privaat verkoop van Eiendomme;
3. Oordrag van Eiendomme; ook met Egskeiding en Bestorwe Boedels;
4. Verbandregistrasies: wanneer u 'n Lening by die Bank of ander instansie aangaan (***nomineer ons firma***)
5. Verbandkansellasies: Indien eiendom opbetaal is om u Oorspronklike Titelakte te verkry (***nomineer ons firma***);
6. Trustregistrasies en wysigings van Trustees;
7. Bestorwe Boedels; Administrasie;
8. Testamente;
9. Huweliksvoorwaarde kontrak by ons Notaris.

***Kontak ons vandag nog vir Regsadvies!***

